WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL

T

HOOFREDAKTEUR

P.A. LOUW
M.A., D.LITT. (STELLENBOSCH)

EINDREDAKTEUR

F.J. LOMBARD
M.A., D.LITT. (STELLENBOSCH

SENIOR MEDEREDAKTEURS

G.J. VAN WYK
MA (STELLENBOSCH)

A.E. CLOETE
MA (STELLENBOSCH)

MEDEREDAKTEURS

L. RADEMEYER
MA (STELLENBOSCH)

B.G. ODENDAAL
PhD (STELLENBOSCH)

D. CLAASSEN
MA, PhD (STELLENBOSCH)

C. DE KOCK
BA, NDV (STELLENBOSCH)

A.H. DU PLESSIS
MA (STELLENBOSCH)

E.M. VAN DER MERWE
MA (STELLENBOSCH)

F.C. PHEIFFER
MA (KAAPSTAD)

N. BRUWER
MA (STELLENBOSCH)

G. DE WET
MA (STELLENBOSCH)

J.G.S. LUTHER
MA (RAU)

BURO VAN DIE WAT
2023

INLEIDING

1. Algemeen

1.1 *Die letter T van die* WAT

Die manuskrip van die letter T van die WAT is in 2022 voltooi en die redigering daarvan is in 2023 afgehandel. Die letter T is op 13 Oktober 2023 bekendgestel. Hierdie letter is binne twee jaar afgehandel volgens die doelwitte van die Tienjaarplan vir die voltooiing van die WAT aan die einde van 2028. Slegs vyf jaar van die Tienjaarplan bly dus oor.

Die aanstelling van twee redaksionele assistente is in 2023 goedgekeur sodat die momentum met die uitvoering van die Tienjaarplan behou kan word.

Vanaf die letter T is die WAT slegs aanlyn beskikbaar. Die gedrukte WAT het gaandeweg verouderd geraak omdat dit nie deurlopend bygewerk kon word soos die Aanlyn WAT nie. Dalende verkope van die gedrukte WAT, die groot drukkoste van ’n nuwe deel en die tydrowende aard van die voorbereiding van teks vir ’n gedrukte weergawe is verdere faktore wat bygedra het tot die besluit dat die WAT slegs aanlyn gepubliseer sal word.

1.2 *Aanvulling en verbetering van die* Aanlyn WAT

Die aanvulling en verbetering van die Aanlyn WAT vind deurlopend oor die hele spektrum van die alfabet plaas. Ontbrekende nuwe woorde en uitdrukkings word opgeneem en artikels word gewysig om onder andere voorsiening te maak vir nuwe betekenisonderskeidings, die byvoeging van sinonieme en die bywerking en regstelling van kruisverwysings tussen die verskillende letters van die alfabet. Dit is egter nog geen omvattende herbewerking van die Aanlyn WAT nie en die groot herbewerking sal ná die voltooiing tot by Z plaasvind.

Die werk aan die Loodsprojek vir die Aanlyn WAT is in 2018 gestaak weens die implementering van die Tienjaarplan. Dit is gedoen om die vordering tot by Z te prioritiseer. Met die besluit wat geneem is dat die WAT nie meer in gedrukte formaat sal verskyn nie, is daar opnuut aandag aan die herontwerp van die Aanlyn WAT gegee. Die Aanlyn WAT is nou die WAT se vlagskipproduk en dit moet ’n produk wees wat gebruikersvriendelik is, wat kan voldoen aan die vereistes wat ons gebruikers en moderne tegnologie stel, en wat die nuutste tendense in die elektroniese leksikografie betrek. Derhalwe is die eerste fase van die herontwerp van die Aanlyn WAT, wat onder meer op die Loodsprojek geskoei is, in 2022 onderneem. Hierdie herontwerp behels onder andere opdatering van die styl en uitleg van die Aanlyn WAT, aanpassing van en stilistiese veranderinge aan die woordeboekdata en ’n verbeterde subskripsiemodel. Daar is beoog om die herontwerpte Aanlyn WAT in 2023 bekend te stel, maar weens die tegniese eise wat ’n omvattende woordeboek soos die WAT stel, moes dit noodgedwonge uitgestel word tot 2024.

1.3 *Befondsing van die WAT*

Danksy die finansiële ondersteuning van individue en instansies wat lief is vir Afrikaans, is die WAT ’n produktiewe en innoverende woordeboekeenheid. ’n Volledige lys gewaardeerde donateurs verskyn elders op die WAT se webblad, maar ons maak graag spesiale melding van die jaarlikse ondersteuning van ons ankerdonateurs Het Jan Marais Nationale Fonds, die Trust vir Afrikaanse Onderwys, Sanlam, die Universiteit Stellenbosch, die Nancy Steyn Trust en die Hiemstra Trust. Deelnemers aan die Borg ’n Woord-projek het oor die afgelope 13 jaar byna R4 miljoen bygedra tot die WAT-fondse. Borg ’n Woord het die verbeelding van Afrikaanssprekendes aangegryp en hulle opnuut bewus gemaak van die waarde van woorde. Verkope op Swart Vrydag en Kubermaandag is ’n verdere bron van inkomste. Ons nooi graag almal wat lief is vir Afrikaans om betrokke te raak by die ontwikkeling, dokumentering en bewaring van Afrikaans deur donateurs van die WAT te word, deel te neem aan Borg ’n Woord, of deur die WAT se produkte aan te koop.

1.4 *Publikasies sedert 2021*

Sedert die verskyning van deel XVI in 2021 het die volgende publikasies van die WAT die lig gesien:

Aanlyn WAT (SRP – SZONDI) in 2021;
Lexikos 31 – 32(1) vanaf 2021 tot 2022;
Lexikos 32(2) - *Huldeblyk aan D.J. Prinsloo* en *Lexikos* 32(3) - *’n Man met ’n Plan: Huldeblyk aan W.F. Botha* in 2022; en
die letter T van die *WAT* in 2023.

1.5 *Projekte*

1.5.1 *Variëteite van Afrikaans*

Die variëteiteprojek van die WAT, wat reeds in 2020 begin het en as eerste fase op woorde en uitdrukkings in Kaapse Afrikaans gefokus het, het ten doel om die Afrikaanse woordeskat in sy wydste omvang op te teken en in die WAT te weerspieël. Dit beteken dat nie net Standaardafrikaans nie, maar ook die ander variëteite van Afrikaans ’n tuiste in die WAT vind. Met behulp van medewerkers het die WAT besluit om sy opname van Kaapse Afrikaans oor die hele spektrum van die alfabet te hersien. Die projek vir Kaapse Afrikaans is voltooi van A tot Z. Gevolglik sal Kaapse Afrikaans regdeur die hele Aanlyn WAT ’n groter verteenwoordiging hê.

1.5.2 *Digitale korpus*

Die WAT bou sedert 2020 deurlopend aan ’n uitgebreide digitale korpus van Afrikaanse bronne soos boeke, akademiese tydskrifte, tesisse, tydskrifte en nuusblaaie wat gratis aanlyn beskikbaar is. Die tlCorpus-korpussagteware word gebruik om sitate volgens soekwoord uit dié versameling te onttrek. In aansluiting by die digitale korpus, word die digitalisering van die WAT-biblioteek tans ondersoek. Alhoewel die hoofdoel van die projek is om die risiko rondom potensiële brandskade te verminder, sal die digitalisering ook dié

waardevolle versameling bronne ten volle vir manuskripontwikkeling ontsluit.

1.6 *Bystand vir die publikasie van die letter T*

Die bystand van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en die Universiteit Stellenbosch met die produksie van die letter T word ook hiermee erken.

2. Voltooiing van die letter U van die WAT

Die eerste bewerking van die manuskrip van die letter U is reeds volgens beplanning in 2023 voltooi. Die redigering daarvan sal in 2024 afgehandel word, waarna die letter U in Oktober 2024 bekendgestel en aanlyn gepubliseer sal word.

3. Personeel 2021 – 2023

3.1 *Redaksie*

DR. W.F. BOTHA het op 31 Desember 2022 as Hoofredakteur en Uitvoerende Direkteur afgetree.

DR. P.A. LOUW het dr. Botha op 1 Januarie 2023 as Hoofredakteur en Uitvoerende Direkteur opgevolg.

DR. F.J. LOMBARD het op 31 Oktober 2023 as Eindredakteur afgetree.

MNR. D. HESS is vanaf 1 Julie 2023 as redaksionele assistent aangestel.

ME. P. MANEWIL is vanaf 1 Julie 2023 as redaksionele assistent aangestel.

3.2 *Administratiewe Steundiens*

MEV. S. VIVIERS, wat vanaf 1 Januarie 2018 as Kantoorbestuurder aangestel was, is op 18 Desember 2021 oorlede.

MEV. L. ROOS, wat vanaf 1 Junie 2022 as Kantoorbestuurder aangestel was, het op 31 Maart 2023 uit diens van die WAT getree.

ME. M. SNYMAN is vanaf 1 Augustus 2023 as Kantoorbestuurder en Finansiële Beampte aangestel.

4. Vakkundige medewerkers

Die persone en liggame wat hier onder genoem word, dien as vakkundige medewerkers wat op versoek van die redakteurs deskundige advies verskaf. Die redaksie bly egter vir die finale formulering van die artikels verantwoordelik.

Daar word met groot waardering en erkentlikheid ook daarop gewys dat ander persone en liggame by talle geleenthede per e-pos, per telefoon of persoonlik noodsaaklike inligting en waardevolle hulp aangebied het.

Teenoor alle persone en liggame wat op die een of ander wyse vakkundige hulp verleen het, betuig die redaksie graag sy opregte dank en waardering. Deur die vriendelike bereidwilligheid waarmee deskundige kennis beskikbaar gestel is, het hulle ’n besonder waardevolle bydrae tot hierdie deel van die Woordeboek gelewer.

Afrikatale
Prof. dr. J.A. du Plessis

Akkerbou en Weiding
Prof. dr. G.A. Agenbag

Anatomie
Prof. dr. D.F. du Toit
Dr. J. Taljaard

Aragnologie
Dr. A.S. Dippenaar

Argeologie
Prof. dr. A. Meyer

Argitektuur
Mnr. H.W. Wegelin

Bedryfsekonomie
Prof. dr. P.G. du Plessis

Bemarking
Dr. M.M. Hugo

Biblioteekkunde
Dr. M.S. van der Walt

Biochemie
Prof. dr. P. Swart

Blommerangskikking
Me. A. de Stadler

Boekbindery
Mnr. H.J. Hugo

Borduurwerk
Me. M.S. Fourie

Boskunde
Prof. dr. B.V. Bredenkamp

Boukunde
Prof. dr. F. Hugo

Breiwerk
Me. B.E. Oberholster

Bronne
Die Hoof, Leendienste, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika

Brug
Mnr. J. Dorfling

Chemie
Prof. dr. B. Burger
Prof. dr. H. Raubenheimer
Prof. dr. P. Swart

Chemiese Ingenieurswese
Prof. dr. L. Lorenzen

Dierefisiologie en Veeartsenykunde
Mnr. C. van Blerk

Dierkunde
Dr. F. Durand

Drama, Teater en Toneelkuns
Prof. dr. P. du Preez

Drukkuns
Mnr. N.N. Kearns

Duiweboerdery
Mnr. J.J. Koen

Ekologie
Mnr. J. Fourie
Mnr. D. Pepler

Ekonomie
Prof. dr. G.A. Schoombee
Dr. P.D.F. Strydom

Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
Prof. dr. W. Perold
Prof. dr. W.H. Steyn
Prof. dr. F.S. van der Merwe
†Prof. dr. H.C. Viljoen

Erflikheidsleer
Prof. dr. G.F. Marais

Farmakologie
Prof. dr. B.W. van de Wal

Filosofie
Prof. dr. A. van Niekerk

Fisika
Mnr. W.P. Boonzaier
Prof. dr. H.B. Geyer
Dr. A. Stander
Dr. C. Steenkamp

Fisiologie
Prof. dr. C. Jooste

Fonetiek
Prof. dr. H.J. Lubbe

Fotografie
Dr. F.J. Lombard

Gender en Seksisme
Prof. dr. J. Hambidge

Geografie
Prof. dr. E.C. Liebenberg
Dr. W.A. Nieman

Geologie en Mineralogie
Prof. dr. I.C. Rust
Raad vir Geowetenskap, Pretoria

Geskiedenis
Prof. dr. A. Grundlingh

Ginekologie
Dr. L. Pistorius

Grieks
Prof. dr. P.J. Conradie

Grondkunde en Plantvoeding
Prof. dr. E. Hoffman

Hengel
Adv. S. Schoeman

Heraldiek
Die Staatsheraldikus, Buro vir Heraldiek, Pretoria

Hidrologie en Waterwese
Mnr. R.D. McDonald

Houtkunde
Prof. dr. H.F. Vermaas

Houtwerk
Mnr. H.J. Hugo

Huishoudkunde
Me. M.N. Krige
Mnr. P. Veldsman

Insektekunde
Prof. dr. J.H. Giliomee

Interne Geneeskunde
Dr. P. Spies

Jodedom
Prof. dr. R.G. Lass

Kaapse en Moesliemafrikaans
Dr. S. Chaudhari
Me. F. Haroun
Prof. dr. F. Hendricks
Dr. M. Oostendorp
Prof. dr. Q. Williams

Katolisisme
Vdr. B. Hinwood

Klere en Mode
Me. L. Roodt

Klimsport
Mnr. E.v.d.S. Lotz

Koekversiering
Me. K. van Zyl

Khoi
Prof. dr. W. Haacke

Kommunikasiekunde
Dr. H.L. Venter
Mnr. G. Vermaak

Kookkuns en Kos
Mnr. P. Veldsman

Kriminologie
Prof. dr. D.A. Louw

Krygskunde
Die Direkteur, Taaldiens, Nasionale Weermag, Pretoria

Kultuur- en Volkskunde
Dr. M. Burden

Landbou-ekonomie
Prof. dr. N. Vink

Landbou-ingenieurswese
Mnr. J. Veenstra

Landbou: navorsing, ontwikkeling en tegnologie
Dr. I. Trautmann

Landmeetkunde
Die Hoofdirekteur, Kantoor van Opmetings en Kartering, Kaapstad

Latyn
Dr. S. Thom

Leerwerk
Mnr. H.J. Hugo
De Poort Heritage Village

Letterkunde
Prof. dr. L. Viljoen

Liggaamlike Opvoedkunde
Mnr. J.C. Cloete

Logika
Prof. dr. A. van Niekerk

Logistiek
Prof. dr. W. Pienaar

Lugvaart
Die Direkteur, Taaldiens, Nasionale Weermag, Pretoria

Maleierkultuur
Me. S. Carlie
Me. S. Daniels
Mnr. C. de Ruyter
Mnr. Y. Petersen

Meganiese Ingenieurswese
Prof. dr. A.H. Basson

Metaalwerk
Mnr. A.P. van Dyk

Metallurgie
Prof. dr. L. Lorenzen

Mikrobiologie en Virologie
Prof. dr. W.H. van Zyl

Mineralogie
Prof. dr. I.C. Rust
Raad vir Geowetenskap, Pretoria

Motors en Motorwerktuigkunde
Mnr. F. de Vos
Mnr. M. Hattingh
Mnr. J. Kirsten
Mnr. H.J.A. Moore
Prof. dr. J.L. van Niekerk
Mnr. B. van Rensburg
Mnr. J. Venter

Muntkunde
Mnr. C.L. Engelbrecht

Musiek
Prof. dr. I.J. Grové
Prof. dr. S. Muller

Mynbou en Mynwese
Mnr. K.M. Gudmanz

Naaldwerk
Me. L. Viljoen

Nama
Prof. dr. W. Haacke

Nederlands en Oudnederlands
Me. M. Mooijaart

Oogheelkunde
Prof. dr. D. Meyer

Opvoedkunde en Opvoedkundige Sielkunde
Me. C. Louw

Paleontologie
Dr. H.C. Klinger

Plantkunde
Prof. dr. L. Dreyer
Mnr. D. Kotze
Mnr. E. Marinus
Mnr. J. Miles
Nasionale Botaniese Instituut, Pretoria Stellenbosch-herbarium
Dr. E. van Jaarsveld
Prof. dr. B. van Wyk

Pluimveekunde
Dr. L.G. Ekermans

Polimeerwetenskap
Dr. A.J. van Reenen

Politieke Wetenskap
Prof. dr. P.P. Fourie

Portugees
Prof. dr. C. van Schalkwyk

Radar, Radio en Televisie
†Prof. dr. H.C. Viljoen

Rassisme
Prof. dr. M. Haron
Mnr. F. Sonn

Regswetenskap
Prof. dr. J. Coetzee
Mnr. J. Hattingh
Prof. dr. K. Malan
Adv. J. Meiring

Rekenaarwetenskap
Prof. dr. A.P.J. van der Walt

Rekeningkunde
Prof. dr. C. Lamprecht

Sang
Dr. M.J. Oosthuizen

Sekuriteit, Sekerheid en Veiligheid
Dr. J. Burger

Sielkunde
Me. C. Louw
Prof. dr. D.A. Louw
Prof. dr. H. Loxton
Mnr. H.R. Steel

Siviele Ingenieurswese
Prof. dr. F. Hugo

Skaak
Prof. dr. S.J. Steel

Skaap- en Wolkunde
Prof. dr. P.J. de Wet

Skeepvaart
Eerste Taalpraktisyn, Taaldivisie, S.A. Vloot, Simonstad

Sosiologie
Prof. dr. J.E. Kruger

Spoorweë
Mnr. G. Vermaak

Sport
Mnr. M.G. Botha
Mnr. D. Brits
Me. S.E. Britz
Dr. H. Ellmer
Mnr. M.E. Jooste
Dr. J.H. Malan
Prof. dr. J.R. Potgieter
Prof. dr. E. Terblanche
Prof. dr. F.J.G. van der Merwe
Dr. J.H. van Eeden
Me. J.E. Wiese

Springstowwe
Mnr. P.A.M. Brink

Stads- en Streekbeplanning
Dr. P.E. Claassen

Statistiek
Prof. dr. N.J. le Roux

Sterrekunde
Dr. J.H. de Klerk
Prof. dr. S.I. Loubser

Taalkunde
Prof. dr. R.H. Gouws

Tandheelkunde
Prof. dr. W.P. Dreyer
Prof. dr. C. Jooste

Tekstielkunde
Dr. D.F. Louw

Telefonie
†Prof. dr. H.C. Viljoen

Teologie
Prof. dr. H.L. Bosman
Prof. dr. P. Coertzen
Prof. dr. H.J.B. Combrink

Toneelkuns
Prof. dr. T. Hauptfleisch

Veekunde
Dr. H. Lamprechts
Prof. dr. S.J. Schoeman
Mnr. F. van de Vyver

Verloskunde
Dr. L. Pistorius

Vervoer
Dr. C.J. Semmelink

Verpleegkunde
Prof. dr. E.B. Welmann

Viskunde
Mnr. T. Beukes
Prof. dr. P.H. Skelton
Prof. dr. R. van der Elst

Vlegwerk
Mnr. H.J. Hugo

Vleisterme
Prof. dr. L.C. Hoffman
Me. A.E. Lombard

Voëlkunde
Mnr. D. Pepler
Dr. D.W. Verwoerd

Volkekunde
Mnr. L.J. Botha

Volstruisboerdery
Dr. D. Swart

Vrugtekunde
Mnr. J. de V. Lötter

Weerkunde
Mnr. J. de Wit
Weerburo, Pretoria

Wingerdkunde
Me. E. Avenant

Wiskunde
Dr. M.A. Muller

Wurmkunde
Dr. A.S. Schoeman

Wynkunde
Mnr. L.P. Ellis